Ps. 68: 9,13.  Voorwaarde vir Voortbestaan  LalKp 10 apr. 60.
Ges. 11: 1,3.  Jes. 54: 1-17
" 156: 3,6.

Jes. 54: 14 – Deur geregtigheid sal jy bevestig word.

Gebeure van ontsetting en vrees het die afgelope 2 weke soos rukwinde oor die hele S-A. gewaai – en hulle hoogtepunt tot dusver bereik in die koel-bloedige aanslag wat gistermiddag gedaan is op d. lewe v.d. Eerste Minister hier in ons Goudstad. Vrees en angs het hulle van baie harte meester gemaak, woede en wraak het in baie ander harte opgevlam en die spanning tussen die volks-groepe nog hoër laat oplaai.

As daar ooit 'n tyd was waarin ons as Xtene gewaarsku moet wees om met beheerstheid, kalmte en verantwoord op te tree, dan is dit nou. Is die diep betreurde gebeure van gistermiddag nie genoeg-saam bewys van die onberekenbare gevolge wat 'n onbesonne daad in 'n tyd van hoogspanning kan hê nie?

Mr. beheerstheid & kalmte is nie genoeg nie – baie meer is nodig, en baie meer word met diepe erns deur duisende gesoek. Daar moet by ons as Xtene ook lig kom om te weet waar ons staan vandag: staan t.o.v. die wêreld, t.o.v. d. ander Xt. Kerke veral in die buiteland, t.o.v. ons owerheid, t.o.v. d. Xtene sowel as d. heidene onder ons nie-blankes. En as ons weet waar ons staan, moet ons ook weet wat ons as Xtene te doen staan!

Laat ons allereers net 3 feite noem:

1) Die waansin en die woede v.d. hele wêreld het oor S.A. losgebars. Ons land is soos 'n wildsbokkie wat deur 'n horde hongerige wolwe ver-volg en gejaag word. Die warm asem brand

teen ons Kerk. Die wind waai met stormgeweld teen ons aan.

2) Nie net d. wêr. nie – ook die hele Kt. Kerk v.d. wêreld veroordeel ons as Afr. Kerke oor ons standpt en optrede. Ten spyte van al ons uitligting aan ander Kerke, van d. versekering van ons opregte Kt. bedoelinge, ons emstige volgehoue pogings tot send-werk sê hd. Kt. Kerke deur hulle houding v uitsprake: „Ons glo julle N.G. Kerk nie – julle woord is 'n leuen. En ook waar die feite korrek is, is alles vrugteloos omdat julle insig benewel en julle motiewe onsuiwer is." Daarom word ons ook gedurig as Kerk beskuldig dat ons nie d. moed gehad het om d. regering te kritiseer ook waar ons weet dat d. regering se optrede onregverdig en onchristelik is.

3) By 'n gewaarlik-groot persentasie v.d. Bantoe is daar of haat of wantroue teen die N.G. Kerk (Dutch Reform). Veral te bespeur en te hoor by d. agitatorelement onder hulle wat d. N.G. Kerk voorskilder as d. vyand v.d. Bantoe, as dié mense wat onder d. dekmantel v. godsdiens d. Bantoe in onderworpenheid en onderdrukking wil hou. Daarteenoor laat hulle duisende glo dat Kerke soos d. Angl. Kerk v die RKK die ware vriende, die weldoeners, die Kampvegters v.d. Bantoe is. Dit maak d. posisie van ons Bantoelidmate i/d Send-Kerk onder hulle eie volksgenote ondraaglik, haglik, byna onmoontlik!

Al hd. ~~geb~~ feite gepaard m.d. gebeure v.d. afgelope dae het versk. reaksies by ons hd-



mate uitgelok:

1) Geroep om drastiese (weerwraak) optrede, skiet om skoon te maak, houding van: as ons dan moet ten gronde gaan dan ten minste soos regters!

2) Twyfel oor ons voortbestaan, selfs wanhoop of ons ~~[illegible]~~ as volk ons nog kan handhaaf.

By al hd. sake na koers v sekerhd v lig is dit baie belangrik dat ons as Xtene ons vra: Waar wil ons ons lig soek? Glo ons dat in d. eerste en laaste plek ons dit alleen kan vind in en deur Gods Wd?

Daarom hd. teksvers uit Jesaja 54: woorde wat gespreek is in tyd van Israel se ballingskap – verstote en verneerd (b–) – ballingskap wat oor hulle gekom het as gevolg van hulle ongehoorsaamheid en ontrou. En nou, net na Jes. 53 waar d. beeld v.d. Messias as lydende Kneg v.d. Here geteken is, kom in Jes. 54 die belofte van God van 'n groot toekoms vir Sion – nie vir dié Joodse volk as nasie; nie 'n belofte v.d. voortbestaan v.d Jode as Joodse volk. Nee van Israel as volk v God, as Kerk van J. Xtus!

Hd. belofte spreek van geregtigheid: Teks. Dis nodig dat ons baie emstige aandag aan dié wd. sal gee – omdat die woord so maklik misverstaan en misbruik word. Dis juis ook d. moeilikhd van ons hele rasse-situasie in S.A.: wat vir die een persoon of groep as dade van reg en geregtigheid voorkom word deur ander veroordeel as d. hoogste en snoodste onreg. Wat is dan nou dié geregtigheid wat God hier spreek?

Duidelik sien dat hfs. 54 gekoppel is aan hfs. 53 waar Jesaja d. voorstelling doen v Xt. se lyde en sterwe – 'n lyde en sterwe in geregtigheid om ons mense se ongeregtigheid te versoen (v. 5 en 11). Daardeur wil hy ons laat verstaan dat d. geregtigheid wsv. hy hier praat gesoek moet word in Xtus se geregtigheid wat daarin bestaan het dat Hy teen alle onreg geprotesteer het mr. bereid was om pers. dit te ly terwille v ons redding.

As ons dus vra wat geregtigheid is, dan moet ons vra wat Xt. Jesus deur sy woord, gesindheid & daad van ons vra – dis die hoogste geregtigheid! Nie dié van wette en verordeninge, nie die van mag en geweld, nie dié van waarde en waardering – nee. Vir die Xten bly die groot vraag: Watter geregtigheid verlang Xtus Jesus dat ek sal beoefen: teenoor my eie volk v rasgenote net soos teenoor ander ra